NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Posbus 2368
Pretoria 0001
Swaanstraat 129
East Lynne
Pretoria 0186
www.nhka.org

28 Julie 2021

VAN: Kommissie van die Algemene Diakensvergadering

AAN: Ringskommissies
Predikante
Kerkrade

**ADV OMGEE 3 VAN 2021**

Broers en susters

## *9de ADV – ’n virtuele nuwe benadering*

Op 22 Julie 2021 het die ADV Kommissie ’n webinar aangebied waarin die nuwe benadering tot die 9de ADV bekendgestel is. Hiermee word u formeel in kennis gestel van die nuwe benadering.

Die Algemene Diakensvergadering het in die verlede elke 3 jaar in Pretoria plaasgevind. Die vergadering is gekombineer met die Ubi Caritas-simposium oor Christelike barmhartigheid (2016 en 2019) en ’n dienswerkdag (2013).

In 2022 gaan dit soos volg werk:

1. Die amptelike vergadering gaan virtueel plaasvind op 23 April 2022. Die afvaardiging bly steeds een predikant en twee diakens uit elke ring (Ordinansie 4.7.1 van die Kerkorde)
    - Die Zoom-virtuele platform gaan hiervoor gebruik word.
    - Ringskommissies word versoek om hulle afvaardigings só saam te stel dat die afgevaardigdes ’n goeie genoeg internetverbinding, ’n slimfoon en data tot hulle beskikking het.
    - Die moontlikheid word ondersoek om die amptelike opening op Vrydagaand 22 April 2022 te doen. Dit sal later met u gekommunikeer word.
    - Daar is uiteraard baie uitdagings aan hierdie nuwe benadering verbonde en meer detail sal op ’n latere stadium aan u deurgegee word.
2. Die Ubi Caritas-simposium gaan steeds plaasvind, maar in die vorm van ’n reeks webinars.
    - Die simposium is oop vir *alle belangstellendes*, en ons wil gemeentes aanmoedig om minstens hulle predikant(e) en diakens hieraan te laat deelneem.
    - Die oorhoofse tema is ***Armoede***.
3. Die ***Word Warm***-projek word beplan as ’n kerkwye projek waar die fokus verskuif word vanaf Pretoria na elke gemeente se plaaslike gemeenskap. Meer inligting hieroor word in Omgee-skrywe 4 van 2021 deurgegee.
4. Kostes is nog nie gefinaliseer nie en sal later aan u deurgegee word.
    - Vir die 8ste ADV was die kostes R1 500 per afgevaardigde, terwyl die ringe ook moes begroot vir reis- en verblyfkostes. Met die nuwe benadering sal die kostes heelwat laer wees, terwyl reis- en verblyfkostes grootliks uitgeskakel sal wees.
    - Ringe sal die moontlikheid in gedagte moet hou dat afgevaardigdes, indien nodig, vergoed sal moet word vir data.

Die opname van die afgelope webinar is beskikbaar by https://youtu.be/YH05KNnTwpY.

Die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering is daarvan oortuig dat die nuwe benadering ’n positiewe uitwerking sal hê nie net op kostes en die voldoening aan moontlike COVID-regulasies nie, maar juis ook nuwe energie en samewerking in ons Kerk, ringe en gemeentes sal bring.

Ons bid u die genade van ons Here Jesus Christus toe in hierdie uitdagende tye, waar gehoorsaamheid aan ons barmhartigheidsroeping vir baie mense in nood van deurslaggewende waarde is.

Saam in diens



**Ds Gerhard Stoltz**
Sekretaris: Kommissie van die Algemene Diakensvergadering

012 322 8885 uitbr 3111
gerhard@diakens.co.za

***Ons dien, gehoorsaam aan God.***